15.7 BESWAARSKRIF GK OOS-MOOT: SARK EN PARLEMENTÊRE LESSENAAR, SINODE 2006 (Artt 19, 34, 280, 281)

A. Dr GJ Meijer stel die Beswaarskrif.
B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Beswaarskrifkommissie 5.
C. **Besluit:** Die Sinode besluit om ‘n Ad hoc-kommissie aan te wys om die Sinode te adviseer of die Beswaarskrif slaag al dan nie.
D. Prof SJ van der Merwe rapporteer namens die Ad hoc-kommissie oor die implikasie dat die Beswaarskrif van Streeksinode Bosveld oor SARK geslaag het.
E. Kyk besluit geneem by 15.6 – Beswaarskrif Streeksinode Bosveld oor SARK.

F. **BESWAARSKRIF**

1. Besluit waarteen beswaar gemaak word

Daar word beswaar gemaak teen artikel 14.1 I. Rapport en besluite (Acta 2006:171-175), wat soos volg lees:

“3. Sake om oor te besluit

3.1 Dat die GKSA dmv die “Parlementêre Lessenaar” van die NG Kerk van SA (dr Ben du Toit, Direkteur vir Kommunikasie, Kaapstad) met die SARK en die Owerheid skakel. Die Sinode word versoek om ’n kort spreekbeurt aan dr Ben du Toit te gee om ’n aanbieding te doen oor die werksaamheid van die “Parlementêre Lessenaar”.
Besluit: Goedgekeur dat ’n spreekbeurt aan dr Ben du Toit gegee word.

3.1.1 Motivering

Die kerk het in sy profetiese getuienis die koninkryk van God as rigpunt. Die grondliggende gedagte van die koninkryk is dat Christus Koning is oor die kerk en die ganse skepping. Niks val buite die domein van Christus se regering nie. Daarom is dit belangrik dat reformatoriese kerke in Suid-Afrika op ’n sigbare wyse saam met gelowiges in hulle eie invloedsfere poog om ook die proses van openbare beleidsvorming aan die lig van die Skrif te onderwerp. Die nuwe staatkundige bedeling gee aan kerke ’n unieke geleentheid om hulle roeping teenoor die koninkryk van God na te kom. Deur ’n Gereformeerde ekumeniese liggaam wat wetgewing monitor kan kerke vanuit die reformatoriese tradisie in dialoog met ander sosiale groepe ’n verskil in die beleidmakende prosesse van die land maak. Die sukses van die evangeliese kerke in die Verenigde State van Amerika in die monitering van wetgewing is ’n treffende voorbeeld van die invloed wat so ’n liggaam kan uitoefen.

Al is dit so dat die krag en gewigtigheid van die kerk se getuienis deur die inhoud gedra moet word, werk die koppe van bewindhebbers nie altyd so nie. Dit is dus vanselfsprekend dat hoe groter die belangegroep (constituency) is namens wie die voorlegging gedoen word, hoe ‘swaarder’ sal die waarde daarvan weeg. Hoe groter die kerke se lidmatetal, hoe sterker die getuienis. Hoe meer (deurdagte) memoranda en fakse op die tafel beland, hoe doeltreffender. Daarom is daar groot wysheid in om die medewerking en 'vennootskap' van kerke en geloofsgroepe (in soverre as wat moontlik en verantwoordbaar is), te verkry.

Om ’n invloedryke rol te speel, is die omvang van monitering van aktiwiteite van die regering – al is dit net ten opsigte van sekere funksies waarby die kerk meer belang het – van so ’n groot omvang dat dit nie op ’n lukraak manier doeltreffend gedoen kan word nie. Om maar enkele voorbeelde te noem: skakeling moet met Staatsdepartemente bewerkstellig word; alle tersaaklike beleidsdokumente moet bestudeer word; ook moet belangrike koerante, die Staatskoerante (waarin aankondigings, uitnodigings vir kommentaar en wetsontwerpe gepubliseer word) bestudeer word.

Dit is duidelik dat om skakeling met die Owerheid suksesvol te hanteer, nie doeltreffend deur net een ‘ankerpersoon’ (bv ’n emerituspredikant) vervul kan

word nie. ’n Databank van kundiges om vanuit Christelik-etiese waardes op ’n ad hoc-basis konsepwetgewing te moniteer, moet opgestel word. Die daarstelling van sodanige databank is ’n saak wat die ernstige aandag van die kerke verdien.

Die Sinode van 2000 het aan die Deputate vir Korrespondensie met die Owerheid opdrag gegee om “waar nodig en moontlik, met ander kerke mee te werk in die skakeling met die owerhede, waaronder die moontlike betrokkenheid by ’n ‘luisterpos’ by die Parlement.”

In die lig daarvan dat die burgerlike gemeenskap in ooreenstemming met die beginsel van deelnemende demokrasie by wetgewende en beleidmakende prosesse betrek word, is die voorstel dat ’n Gereformeerde ekumeniese moniteringsliggaam van wetgewing tot stand gebring moet word om betrokke te raak by openbare beleidsvorming. Die Deputate is van oordeel dat die Algemene Sinode van die NG Kerk se “parlementêre lessenaar” as deel van ’n sinodale leraarspos – Direkteur vir Kommunikasie (dr Ben du Toit, Kaapstad) – daartoe geleentheid bied. Deel van sy pligstaat is om wetgewing te moniteer, aksies van optrede te inisieer, kundigheid ‘in te koop’ en inligting te kommunikeer. Die Deputate GKSA het reeds met dr Ben du Toit in hierdie verband onderhandel. Die NG Kerk verwelkom dit.

Besluit: Kennis geneem.

3.2 *Lidmaatskap SARK*

Die Deputate is van oordeel dat die GKSA aansoek om lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) moet doen en beveel so by die Sinode aan. Terselfdertyd beveel die Deputate aan dat Sinode Middellande gevra word om saam met Sinode Potchefstroom aan te sluit by die SARK.

(a) Motivering

In die lig daarvan dat gesamentlike kerklike getuienis binne die nuwe grondwetlike bestel baie belangrik is, meen die Deputate dat die GKSA by die SARK moet aansluit omdat dit vir die GKSA groter direkte toegang tot die owerheid sal gee. Terselfdertyd sal dit ons kerke in staat stel ’n meer invloedryke rol binne die breëre kerklike omgewing te speel. Die teologiese klimaat binne die SARK het sedert 1994 baie verander, terwyl die struktuur van die SARK kerke toelaat om hulle eie identiteit te behou. Lidkerke hoef nie met besluite van die SARK in te stem nie, en kan op hulle eie getuienis lewer en inisiatiewe loods wanneer nodig. Hierdie faktore maak dit makliker vir die GKSA om aan te sluit by die SARK. Ongelukkig word daar nie meer deur die konstitusie van die SARK voorsiening gemaak vir kerke met waarnemerstatus nie, met die gevolg dat die GKSA of deel moet word van die struktuur, of buite bly.

(b) Beredenering

(i) Betrokkenheid by die SARK is nie ’n nuwe saak nie (vgl Acta 1976:366; Acta 1997:177, 3.2.3). Waarnemerstatus by die SARK is egter nie meer moontlik nie, met die gevolg dat die GKSA nou moet besluit om lid te word van die SARK of bande met die organisasie te breek. Goeie redes sal vir laasgenoemde aangevoer moet word.

(ii) Die GKSA het ’n roeping om op gereformeerde grondslag profetiese getuienis in die wêreld en aan die owerheid te gee (vgl Kol 2:8 en Joh 9:5; 1 Pet 3:15).

(iii) Die Deputate het getuienis gelewer van gesprekke met die Bestuur van die SARK wat die teenwoordigheid van die GKSA positief en vriendelik sou verwelkom het.

(iv) Die beskikbare Grondwet van die SARK bevat duidelike beleidsuitsprake oor hulle Christelike belydenis:

Besluit: Kennis geneem.

(b) Beredenering

(i) Betrokkenheid by die SARK is nie ’n nuwe saak nie (vgl Acta 1976:366; Acta 1997:177, 3.2.3). Waarnemerstatus by die SARK is egter nie meer moontlik nie, met die gevolg dat die GKSA nou moet besluit om lid te word van die

SARK of bande met die organisasie te breek. Goeie redes sal vir laasgenoemde aangevoer moet word.

(ii) Die GKSA het ‘n roeping om op gereformeerde grondslag profetiese getuienis in die wêreld en aan die owerheid te gee (vgl Kol 2:8 en Joh 9:5; 1 Pet 3:15).

(iii) Die Deputate het getuienis gelewer van gesprekke met die Bestuur van die SARK wat die teenwoordigheid van die GKSA positief en vriendelik sou verwelkom het.

(iv) Die beskikbare Grondwet van die SARK bevat duidelike beleidsuitsprake oor hulle Christelike belydenis:

Besluit: Kennis geneem.

“PREAMBLE

1 The South African Council of Churches is a fellowship of Churches and organisations which confess the Lord Jesus Christ as God and Saviour, according to the Scriptures, and therefore seek to fulfill their common calling to the glory of the one God, Father, Son and Holy Spirit.

2 The Council affirms, on the basis of the Scriptures, that the Church is the Body of Christ and therefore is one. Though obscured and marred by sinful division, this unity of all Christians is the gift of God and does not need to be created.

3 Under the guidance of the Holy Spirit the Council is an instrument and servant of the Churches, committed to stimulating and effecting fellowship, co-operation and unity among its member Churches and all other Christians in their common mission in the world. The work of the Council is based on the recognition of Jesus Christ as the divine Head of the Body and is to the glory of the one God, Father, Son and Holy Spirit.

4 The theological basis of the Council is a common confession of the Christian faith of its members and is not a credal test of Churches or individuals. The Council is not committed to anyone theological understanding of the Church, and membership of the Council does not imply acceptance of any specific doctrine of the Church.”

(v) Die SARK stel aan die GKSA geen voorwaardes oor wysiging of moontlike wysiging van sy Belydenis ten einde lid te word nie. Inteendeel, saam met ander kerke van gereformeerde belydenis (soos die NGK en NHK) kan die gereformeerde leer ’n betekenisvolle stem verkry.

(vi) Ander weë om getuienis te lewer bestaan. Veral betrokkenheid van kerke op derde vlak regering deur byvoorbeeld “fraternals” kan baie effektief wees. Op die hoogste vlak van skakeling met die regering is die SARK by verre die effektiefste voertuig om met die owerheid te skakel. Liggame soos die TKK en die Konvent van Reformatoriese Kerke het baie beperkte invloed vir doeleindes van skakeling met die owerheid.

(vii) Negatiewe persepsies oor die SARK in die GKSA behoort nie onderspeel te word nie, maar moet bestuur word deur die waarheid oor die SARK in elke situasie te omhels en op gepaste wyse daaroor aan die kerke en in die wêreld te getuig.

(viii) ’n Minderheidsrapport sal ook voorgelê word.

Besluit: Kennis geneem.

Besluit: 3.2 hierbo word goedgekeur met die volgende byvoeging:

(a) “Die Sinode stel dit duidelik dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika hul onafhanklikheid behou en nie per assosiasie verantwoordelikheid aanvaar vir elke standpunt en handelinge van die SARK nie.

(b) Die Deputate kry opdrag om ernstige en wesenlike punte van verskil aan ons lidmate te kommunikeer.

(c) Die Deputate kry opdrag om die volgende Sinode te adviseer oor die voortsetting van ons lidmaatskap”.

2. Beswaargronde en motiverings

2.1 *Beswaargrond 1*

Die besluit is in stryd met die Skrif, oa Matteus 10:19-20 en 2 Timoteus 3:10-4:5, waar die Here sy kerke oproep om die leer onvervals en onbeskroomd te verkondig.

Motivering

2.1.1 Assosiasie met 'n gemeenskap waar homoseksualisme[1], intergeloof[2] en immoraliteit[3] goedgepraat word, is in terme van die Skrif onhoudbaar en kan nie geduld word nie.

2.1.2 Om te 'assosieer' het tot gevolg dat die Gereformeerde Kerk (GKSA) sy Reformatoriese belydenis moet afwater en kompromitteer om uiteindelik as 'n eenheidstem by die Regering gehoor te word. Hierdie 'assosiasie' het ook tot gevolg dat interne spanninge binne die GKSA sal toeneem.

2.1.3 Die kerke het die taak om die Christelike leer onvervals en onbeskroomd te verkondig en nie om die *sola sciptura* te bevraagteken nie[4]. Die verkondiging van God se Woord moet altyd onder toesig van 'n Kerkraad staan. Onder watter Kerkraad se toesig staan die GKSA se verteenwoordiger by die SARK en Parlementêre Lessenaar? Geen! Daar is kan geen tug uitgeoefen word nie. Gevolglik ontbreek een van die kenmerke van die ware kerk van Christus (NGB, art 29).

2.1.4 Die beginsel agter meerdere vergaderings wat uiteindelik gestalte kry in 'n kerkverband, is die eenheid van gemeentes in Christus 'n eenheid van geloof en leer. Dit is dus nie 'n organisatoriese eenheid wat kan bestaan los van dié eenheid in leer nie. Hoe kan ons dan 'n eenheid vorm of in assosiasie wees met lede van 'n organisasie waarmee die GKSA nie eers in korrespondensie kan of mag gaan nie?

2.2 *Beswaargrond 2*

Die besluit is in stryd met NGB, 36.

Motivering

In NGB, art 36 bely die kerke dat ons onder andere die Wederdopers verfoei[5], omdat hulle 'n bepaalde siening op die owerheid het wat hoegenaamd nie met die Skrif en Belydenis ooreenkom nie. In die SARK is daar deelnemende kerkgroeperinge wat uitgesproke wederdopers is. Trouens, die standpunt wat die SARK en WRK huldig, bevat in hulleself 'n groot hoeveelheid bevrydingsteologie[6], wat eweneens aan die Wederdopery ten grondslag lê.

2.3 *Beswaargrond 3*

Die besluit is in stryd met KO, art 28.

Motivering

Dié artikel verbind *kerklike* vergaderinge daartoe om korrespondensie met die owerheid te onderhou, die nodige medewerking van die owerheid te verkry en in voorkomende gevalle as kerk van Christus voor die owerheid te getuig. Nóg die Parlementêre Lessenaar, nóg die SARK is in terme van KO, art 28 'n *kerklike* vergadering. Die effek van die Sinodebesluit is dus dat KO, art 28 verontagsaam word.

2.4 *Beswaargrond 4*

Die besluit bring ons kerklike verbondenheid met Gereformeerde Kerke wêreldwyd in gedrang.

---

[1] www.sacc.org.za/docs/anrept05.pdf

[2] www.sacc.org.za/news05/ifrelief.html

[3] Vergelyk onder andere punt (k) in die Minderheidsrapport wat voor Sinode 2006 gedien het en sonder enige genotuleerde weerlegging deur die Sinode van die hand gewys is. Punt (k) stel: 'Met die hofuitspraak oor huwelike tussen persone van dieselfde geslag (gay en lesbiese huwelike), het die SARK hom verbly oor die uitspraak. Die GKSA het so pas met die aanvang van hierdie Sinode persverklarings gemaak wat sê ons het duidelikheid oor die saak. Dit is daarom nie op ons tafel nie'.

[4] www.sacc.org.za/news06/marriage.html en www.cft.org.za/news/1999/30-11-1999.html

[5] Dit lui soos volg: 'Hierin verfoei ons die Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerheidsgesag en die regeerders wil verwerp en die regsorde omver wil stoot, terwyl hulle die gemeenskaplike besit van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder mense ingestel het, versteur'.

[6] www.sacc.org.za/about/celebrate14.html

Motivering

Kerke wat in die ICRC saamkom, en met wie ons noue geloofsbande het, verbied lidmaatskap met die WRK en per implikasie ook die SARK[7].

2.5 *Beswaargrond 5*

Die besluit hou geen rekening met die werklikheid dat daar ruimte is om ons kerklike getuienis voor die owerhede te lewer nie, sonder dat daar van 'n voertuig soos die Parlementêre Lessenaar of die SARK gebruik gemaak moet word.

Motivering

2.5.1 Daarvan is die getuienisse insake MIV/VIGS en Grondhervorming wat deur die Deputate Ekumenisiteit gelewer is, klinkklare voorbeelde (kyk www.gksa.org.za).

2.5.2 Die regering, in die huidige staatkundige bedeling, bepaal die agenda van die SARK en Parlementêre Lessenaar. Die regering skep ook die kanale. Die kerk het ook 'n getuienissaak ten opsigte van die aard en inhoud van die agenda sowel as die kanale. Dit kan die kerk alleen uitvoer as hy buite hierdie organisatoriese struktuur staan. Daardeur behou die kerk ook sy geloofwaardigheid.

3. Versoek

Sinode 2009 word versoek om die besluit soos geneem deur Sinode 2006 (Acta:171-175) te herroep en gevolglik lidmaatskap met die SARK op te sê asook enige vorm van deelname aan die Parlementêre Lessenaar op te skort (vgl in besonder Acta 2006:175 punt (c)[8]).

4. Slotopmerking

Omdat die Kerkraad so ernstig oor dié sake beswaard voel, is daar besluit om ons van die deelname aan die SARK en die Parlementêre Lessenaar te distansieer en gevolglik sal geen ramingbydraes vir dié doel aan die Administratiewe Buro oorbetaal word nie (Kerkraadsbesluite van 16 Junie 2007 en 22 Mei 2008).

G. RAPPORT AD HOC-KOMMISSIE – IMPLIKASIE DAT DIE BESWAARSKRIF VAN STREEKSINODE BOSVELD [15.6] OOR SARK GESLAAG HET

1. Opdrag

Om die Sinode te adviseer oor die gevolge van die besluit dat Streeksinode Bosveld se Beswaarskrif slaag.

Besluit: Kennis geneem.

2. Beredenering

2.1 Beswaarskrif GK Oos-Moot – hierdie Beswaarskrif is teen twee besluite naamlik, lidmaatskap van die SARK en die Parlementêre lessenaar. Aangesien die beswaardes dit as een saak hanteer en dieselfde gronde vir beide stel, het dit implikasies vir hantering van die Beswaarskrif in sy geheel.

2.2 Beskrywingspunt van Suidelike Streeksinode aangaande die SARK – die Beswaarskrif van Streeksinode Bosveld handel in wese oor hierdie aangeleentheid wat in hierdie Beskrywingspunt beskryf word. Die Rapport van die Kommissie Ekumenisiteit oor hierdie Beskrywingspunt, hanteer die saak waaroor die Beskrywingspunt handel.

2.3 Die besluit van die Sinode het ook implikasies oor die aanbevelings van die Deputate Ekumenisiteit, 2.4.8.3 tot 2.4.8.8, en word in die aanbevelings hanteer.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.3.

---

[7] www.icrconline.comlminutes.html Rev Dr Knight pointed out that Rev Smit had reassured the meeting that the GKSA would act according to Scripture and confession but had not said what he hoped the result would be. He also expressed his view that the ICRC's Constitution's condition for membership that churches should not be members of the World Council of Churches or any other similar organization (Minutes 2001, page 264) communicates a perspective: we should not have relations with churches going in a direction contrary to our own, because of the impact that may have on us.

[8] Punt (c) lui soos volg: 'Die Deputate kry opdrag om die volgende Sinode te adviseer oor die voortsetting van ons lidmaatskap'

3. Aanbevelings

3.1 Die Sinode neem die Beswaarskrif van GK Oos-Moot rakende die SARK nie ter tafel neem nie. Motivering: Die besluit waarteen beswaar gemaak word, is reeds gerojeer.

3.2 Daar word nie gevolg gegee aan die Beskrywingspunt van Suidelike Streeksinode nie.

3.3 Die Kommissierapport wat handel oor 2.4.8.3 tot 2.4.8.8 van die Rapport Ekumenisiteit : Binnelands word goedgekeur.

3.4 Die Beswaarskrif van Bosveld wat geslaag het, teen die besluit van die Sinode 2006 (Acta 2006:172-175) aangaande lidmaatskap van die SARK, het die konsekwensie dat die besluit oor lidmaatskap van die SARK, gerojeer word.

Besluit: Goedgekeur – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.